Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

# Navorsingsbeleid



Implementeringsdatum: 8/15/2008

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Navorsingsbeleid

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Beleid |
| **Goedkeuring:** | Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 8/15/2008 |
| **Implementeringsdatum:** | 8/15/2008 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Soos nodig |
| **Vorige weergawes:** | None |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie |
| **Kurator[2]:** | Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie |
| **Sleutelwoorde:** | Research; Research Activisties |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

# NAVORSINGSBELEID

VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

**Die Universiteit van Stellenbosch het die keuse gemaak om ’n navorsingsgedrewe universiteit te wees**.

In die Strategiese Raamwerk, wat in 1999 aanvaar is, is besluit dat aan navorsing ’n besondere posisie toekom. In die vyfpunt-visiestelling van die Universiteit, geniet navorsing ’n hoë prominensie, in samehang met ander doelwitte wat die Universiteit nastreef.

Met die aanvaarding van die leuse “jou kennisvennoot”, as uitkoms van die strategiese beplanningsoefening van 1999, het die Universiteit gekies om, veral wat navorsing betref, bepaalde waardes na te streef.

**1. Met die aanvaarding van ’n navorsingsbeleid wil die Universiteit Stellenbosch**

1.1 die belangrikheid beklemtoon wat aan navorsing geheg word as ’n belangrike en integrerende onderdeel van ons akademiese taak;

1.2 uitdrukking gee aan sy strewe

a) om ’n beduidende bydrae te lewer tot die Nasionale Stelsel van Innovasie en op hoogte te wees met die relevante staatsbeleide;

b) om daardeur ’n rol te speel in Suid-Afrika, in Afrika en wyer internasionaal;

c) om kapasiteit te bou op gebiede waar navorsingsgebaseerde hoëvlak kundigheid aan die orde is;

d) om, met inagneming van die besondere geleenthede en beperkinge van die Suid-Afrikaanse omstandighede, te voldoen aan internasionaal aanvaarde eise en gehalte vir navorsing;

e) om te verseker dat alle navorsing aan die Universiteit aan die vereistes van algemeen aanvaarde goeie bestuur (“good governance”) voldoen;

1.3 ’n raamwerk van riglyne daarstel waarbinne die aanmoediging, koördinering en bestuur van navorsingsaktiwiteite beplan en uitgevoer kan word, sowel op sentrale bestuursvlak asook in afsonderlike fakulteite, departemente, sentra en institute;

1.4 die basiese beginsels van die navorsingsetiek, soos van toepassing op verskillende dissiplines, onderskryf, dit voortdurend aanpas by nuwe omstandighede en toesien dat dit konsekwent toegepas word;

1.5 die belang van akademiese integriteit en die nastrewing van gehalte in alle navorsing verseker; en

1.6 die noodsaaklikheid beklemtoon om te fokus in die navorsingsaktiwiteite van die Universiteit, onder andere by wyse van gekose temas in die geheel in fakulteite, departemente en institute.

**2. Vir die doel van 'n navorsingsbeleid verstaan die Universiteit Stellenbosch onder die begrip "navorsing" alle pogings om, aan die hand van duidelik geformuleerde probleme en deur die metodiese insameling en sistematiese verwerking van gegewens**

2.1 insigte te verwerf;

a) waardeur die liggaam van wetenskaplike kennis uitgebrei kan word; en/of

b) die toepassingsmoontlikhede van hierdie kennis te bevorder.

2.2 aktief betrokke te wees by die vind van oplossings waarvoor wetenskaplike kennis nodig is in beide die breë Natuurwetenskappe en die Geestes- en Sosiale Wetenskappe.

**3. Die Universiteit Stellenbosch verwag dat daar vir alle akademiese personeel mikpunte gestel sal word om**

3.1 'n hoë prioriteit aan navorsing te gee, en dit as deel van hulle akademiese opdrag te beoefen;

3.2 navorsingsaktiwiteite te onderneem, navorsingsuitsette van gehalte te lewer en betrokke te wees by diens aan die gemeenskap waarin hulle navorsing aansluiting vind;

3.3 voortdurend die noodsaaklike wisselwerking tussen navorsing en onderrig na te streef;

3.4 op hoogte te bly van nuwe navorsingstegnieke, van die stand van navorsingsresultate en van navorsingsonderwerpe van aktuele belang binne hulle onderskeie vak- of spesialiseringsgebiede;

3.5 kennis te neem van navorsingsbeleid en -programme van

- a) die verskillende statutêre navorsingsrade en ander buite-universitêre instellings in Suid-Afrika, en
- b) internasionale instansies (van spesifieke lande, van bilaterale aard of van multinasionale liggame) wat op Suid-Afrika en/of op die gekose fokusareas van die Universiteit betrekking het, en sover moontlik die geleenthede te benut wat dergelike planne en programme bied;

3.6 skakeling en samewerking te soek en te onderhou met ander navorsers in Suid-Afrika en internasionaal, in die vorm van die skep van en deelname aan navorsingsnetwerke;

3.7 fondse vir navorsing vir die Universiteit te bekom met die doel om 'n volhoubare finansiële basis vir navorsing te vestig;

3.8 effektiewe studiebegeleiding te doen, ooreenkomstig die Universiteit se reëls en riglyne vir nagraadse studie;

3.9 die Universiteit se beleid m.b.t. kontraknavorsing te eerbiedig, en die gepaardgaande kontraktuele verpligtinge nougeset na te kom;

3.10 intellektuele eiendom en deskundigheid ooreenkomstig die beleid van die Universiteit te hanteer en geleenthede vir die kommersialisering daarvan optimaal te benut;

3.11 deel te neem aan gepaste mentorprogramme om die kapasiteit van alle navorsers te versterk;

3.12 navorsingsresultate bekend te stel by wyse van referate op nasionale en interasionale vakbyeenkomste, en by wyse van publikasies in vaktydskrifte of ander media (bv. boekpublikasies);

3.13 deur die gehalte van hulle navorsingswerk en die bekendstelling daarvan die aansien van die Universiteit Stellenbosch te verhoog.

**4. Die Universiteit Stellenbosch verwag dat fakulteite, departemente en institute/sentra daarna moet streef om**

4.1 die nodige organisatoriese maatreëls te tref wat die beplanning, uitvoering en bestuur van navorsingsaktiwiteite vergemaklik, en wat die beheer oor sodanige aktiwiteite op ’n vaste en verantwoordbare grondslag, insluitend die nastrewing van geldende prestasiemaatstawwe, kan plaas;

4.2 akademiese personeel voortdurend aan te moedig om navorsingsaktiwiteite individueel of in spanverband te inisieer en uit te bou;

4.3 besondere aandag te gee aan die moontlikhede en geleenthede wat multi-, inter- en transdissiplinêre navorsing bied ;

4.4 voor- en nagraadse kursusse so in te rig, en aan te bied, dat belangstelling in navorsing gewek sal word;

4.5 sover moontlik gereelde opnames te maak, in samewerking met die Afdeling Navorsingsontwikkeling, van navorsingsprojekte wat onderneem word of afgehandel is, asook van navorsingskwalifikasies wat behaal is, ten einde ’n duidelike beeld van die Universiteit se navorsingsprofiel te verkry;

4.6 die optimale koördinasie van navorsing te verseker deur onnodige oorvleueling en duplikasie van navorsingsaktiwiteite, tussen plaaslike en ander navorsers in Suid-Afrika en internasionaal, sover moontlik uit te skakel;

4.7 navorsers die geleentheid te bied om hulle kennis aan studente oor te dra in die lesingsale en individueel; en

4.8 skakeling te soek met instansies wat kan meehelp om aktuele probleme vir die doel van navorsing te identifiseer, moontlike finansiële steun vir navorsing kan genereer, praktiese gebruik van navorsingsresultate kan maak, en/of dit kommersieel kan ontgin in ooreenstemming met die beleid van die US.

**5. Die Universiteit Stellenbosch onderneem om**

5.1 by die aanstelling van akademici ’n hoë premie te plaas op navorsingsinisiatief, -status, en bekwaamheid, náás ander vermoëns, soos onderrigvermoëns;

5.2 meganismes in plek te hê (hetsy op sentrale vlak of op fakulteitsvlak) om, met inagneming van alle ter saaklike moontlikhede en beperkings,

a) akademiese personeel van die nodige laboratoriumgeriewe, navorsingsassistensie en ander noodsaaklike infrastruktuur te voorsien vir die uitvoering van hulle navorsing;

b) spesiale aandag te gee aan die behoeftes van dié vakdissiplines wat vir hulle navorsing geheel en al op geskrewe bronne aangewys is;

c) sover moontlik beurse of ander finansiële steun beskikbaar te stel aan studente op magister- en doktorale vlak, asook vir na-doktorale genote;

d) deur die verlening van navorsingsvergunning, asook deur die verskaffing van finansiële ondersteuning met die oog op die bywoning van binnelandse of buitelandse vakbyeenkomste en skakeling, akademiese personeel die geleentheid te bied om hulle navorsingsbekwaamhede te verbeter en hulle navorsingsimpak te vergroot;

e) uitnemende navorsers van elders in staat te stel om korter of langer besoeke aan die Universiteit te bring met die oog op die bevordering van navorsing aan die Universiteit;

f) gepaste steundienste (veral deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling) beskikbaar te stel;

g) spesiale pogings aan te wend, en bronne beskikbaar te stel, om die kapasiteit van sy akademiese personeel, veral van jong navorsers, optimaal uit te bou, deur gepaste befondsings-, opleidings- en mentorskapprogramme;

h) die diversiteitsprofiel van die Universiteit se dosente/navorsers uit te bou; en

i) die navorsingsprofiel van die Universiteit te bevorder en navorsing aan die Universiteit te promoveer;

5.3 gepaste erkenning te gee aan personeel wat navorsingswerk van hoë gehalte op ’n deurlopende grondslag verrig;

5.4 die totstandkoming van navorsingsinstitute, navorsingseenhede en navorsingsgroepe te bevorder, na gelang die behoefte aan sodanige entiteite ontwikkel;

5.5 deur die Navorsingskomitee van die Senaat en sy onderskeie subkomitees, sorg te dra dat

a) beskikbare fondse oordeelkundig toegeken en bestuur word;

b) navorsingsprojekte wat vir finansiële steun in aanmerking kom, aan die ter saaklike kriteria van gehalte en uitvoerbaarheid voldoen;

c) beleid en bestuursplanne m.b.t. navorsing gereeld hersien en aangepas word;

d) sentrale analitiese fasiliteite op ’n doeltreffende wyse bestuur word;

e) navorsing aan die Universiteit gereeld geëvalueer word in terme van omvang, gehalte en impak daarvan;

f) daar gereeld oor die navorsing verslag gedoen word; en

5.6 doeltreffende skakeling te onderhou met die statutêre navorsingsrade en ander instansies (nasionaal en internasionaal) wat van belang is vir die bevordering van navorsing aan die Universiteit;

5.7 onderneem om soos doenlik, voldoende fondse aan ooreengekome relevante navorsingsrigtings/-temas beskikbaar te stel;

5.8 `n navorsingskultuur aan te moedig en te koester waarin die akademiese vryheid van alle navorsers gerespekteer en beskerm word, en waarin navorsingswerk en –resultate gevrywaar word van enige vorm van ideologiese dienstigheid.

Goedgekeur, Senaat 15 Augustus 2008